1.3 Lees sluit deure oop.: Hierdie opstel kan tot ’n **argumenterende/beredeneerde** opstel lei waarin die kandidaat fokus op die voordele wat lees inhou en hoe dit vir lesers deure oopsluit. Dit kan ook fokus op die feit dat lees nie vir bv. sportmanne noodsaaklik is nie, want selfs die swakste lesers sou kon gholf of rugby speel. Die kandidaat kan op die belangrikheid van ’n verskeidenheid soorte boeke klem lê, want in die verskeidenheid lê die sukses: jy leer al meer van al hoe meer goed. In ’n **bespiegelende** opstel sou kandidate kon peins oor watter boeke vir hom/haar die grootste vondste/waarde gebring het. Kandidate kan verskillende soorte boeke/geleenthede wat deur lees oopgegaan het, **beskryf**. As **verhalende** opstel kan ’n kandidaat skryf oor hoe lees vir hom/haar deure/’n deur oopgemaak het. **[50]**

1.4 Geluk is soos ’n bril ...: Hierdie opstel kan tot al die soorte opstelle lei. As ’n **verhalende** opstel kan die kandidaat **verhalend** skryf oor iemand wat op die verkeerde plek na geluk gesoek het. In ’n **beskrywende** opstel kan verskillende soorte geluk en waar mense daarna soek, beskryf word. By ’n **argumenterende** aanbieding kan die kandidaat oortuig hoekom dit belangrik is om geluk in ’n mens self te vind/dat geluk nie in groot/uiterlike dinge te vind is nie. ’n **Beredeneerde** aanbieding kan fokus op verskillende soorte geluk en waar dit te vind is. In ’n **bespiegelende** inhoud kan daar besin word oor wat dit is wat mense gelukkig maak. **[50]**

1.5 Die kandidaat dink terug aan daardie Oukersdag ...: Hierdie inleidingsparagraaf kan tot ’n **verhalende** skryfstuk lei wat op gebeure wat bydra tot die genoemde lewensverandering fokus. Indien daar op net een van die figure in die prikkel gefokus word, is dit ook aanvaarbaar. Die mens/gebeure wat hierdie verandering teweegbring, kan **beskryf** word. By ’n **bespiegelende** interpretasie kan oor die wenslikheid van verhoudings/kontak met vreemdelinge besin word. Indien die kandidaat skryf dat dit noodsaaklik is om na vreemdelinge te luister/nie net op Kersfees na vreemdelinge uit te reik nie, kan dit as **argumenterende/beredeneerde** skryfstuk aanvaar word. **[50]**

1.6.1 Skrywende jongmense: Interpretasies kan lei tot bv. ’n **beskrywing** van interaksie tussen mense/gebrekkige kommunikasie/verlange na kommunikasie. ’n **Verhaal** kan handel oor hoe mense mekaar verloor/gevind het a.g.v. kommunikasie/gebrek aan kommunikasie. Hierdie onderwerp kan ook **bespiegel** oor die waarde van briewe/kommunikasie in mense se lewens. Of kommunikasie nog waarde toevoeg tot ons lewe, en of brieweskryf nog sin het, kan **beredeneer/geargumenteer** word. Kandidate kan ook skryf oor skoollewe en/of die invloed van baie huiswerk. Indien daar net op een van die figure in die prentjie gefokus word, is dit ook aanvaarbaar. **[50]**

1.6.2 Vuurtoring: Die kandidaat kan in ’n **verhalende** opstel van enigiets vertel wat deur die vuurtoring self of selfs deur ’n vuurtoringwagter waargeneem is. ’n **Beskrywende** opstel kan op verskillende vuurtorings of verskillende storms op ’n mens se lewenspad fokus. Indien die kandidaat **argumenteer** oor die belangrikheid van vuurtorings, kan die opstel as ’n argumenterende opstel slaag. Daar kan **beredeneer** word of daar nog plek is vir vuurtorings in die moderne samelewing. ’n **Bespiegelende** opstel kan fokus op die belangrikheid van verskillende rigtinggewers in ’n mens se lewe. **[50]**

1.6.3 Trappe: ’n **Verhaal** kan oor ’n letterlike trap handel wat tot een of ander situasie gelei het. Die trappe in ’n huis/verskillende aspekte van trappe/figuurlike trappe (hoogtepunte/laagtepunte) in ’n mens se lewe of mense op verskillende vlakke van belangrikheid kan **beskryf** word. As ’n **bespiegelende** opstel kan die kandidaat besin oor die waarde van die op-en-af wat elke lewe bied en/of die eise wat sulke lewenstrappe stel, kan bepeins word. Die kandidaat kan ook **redeneer/argumenteer** dat dit goed is om fiks te wees sodat die trappe van die lewe jou nie pootjie nie. **[50]**

## 2.3 TYDSKRIFARTIKEL

Die voor- en nadele van sosiale media moet gestel word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die persoonlike voor- en/of afkeure van die skrywer kom sterk na vore.
- Die voordele én die nadele van sosiale media moet aangespreek word.
- Styl: Dit behoort persoonlik te wees en moet direk tot die leser spreek; dit kán beskrywend en figuurlik wees en 'n beroep doen op lesers se verbeelding.
- Gebeurlikhede en standpunte/ander besonderhede kan ingesluit word.
- Dit moet belangstelling wek en die leser boei.
- Daar is geen vaste formaat vir tydskrifartikels nie. **[25]**

## 2.4 DIALOOG

Die belangrikheid van innerlike skoonheid en/of geestelike rykdom teenoor die moderne neiging dat die uiterlike bepalend is, moet in hierdie dialoog beklemtoon word. Een spreker behoort die ander tot 'n veranderde insig te probeer lei/oorreed/oortuig dat uiterlike vertoon en materiële besittings belangrik/nie belangrik is nie.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Slegs TWEE mense voer 'n gesprek.
- Spreekbeurte vind plaas in die orde waarin die gesprek gevoer word en vanuit die spreker se perspektief.
- Elke nuwe spreekbeurt word op 'n nuwe reël geskryf.
- Gebruik 'n dubbelpunt na die naam van elke spreker.
- Ekstra inligting word tussen hakies, voordat die spreker praat, aangedui.
- 'n Scenario kan, voordat die dialoog begin, geskets word. **[25]**

## 2.5 AGENDA EN NOTULE

Die agenda moet verwys na die inligtingsvergadering t.o.v. die voorgenome toer.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Beskryf in hooftrekke wat tydens die vergadering gaan gebeur.
- Rangskik sake in orde van belangrikheid.

Die notule is 'n verslag van wat tydens die reëlingsvergadering gebeur het.

- Dit bevat die volgende inligting:
  Die naam van die vereniging/organisasie/span, die datum, tyd en plek van die vergadering en 'n aanduiding van wie tydens die vergadering teenwoordig was.
- Besluite/inligting word woord vir woord, in opsommende wyse, genotuleer.
- Dit word in die teenwoordige tyd geskryf.
- Onbenullighede word uitgelaat.
- Die voorsitter teken en dateer aan die einde.
- Die notule en agenda se opskrifte moet bymekaar aansluit. **[25]**

Kopiereg voorbehou 

